

GEEN MAMMA

KATRIEN KAMEEL EN KAREL

BENODIGDHEDE: 50,8 cm oranje kort-poolpelsstof, 142 cm breed; swart borduur-wol; kapokwol; klein stukkie donkerbruin, wit en rooi vilt.

GROOTTE: Katrien se hoogte, 38 cm; Karel se hoogte, 20 cm.

AANWYSINGS: Maak papierpatrone van diagramme (3 mm word vir omslag toege-laat). Plaas patrone op materiaal (pyltjies dui rigting van pool aan) en knip uit soos volg:

KATRIEN: Knip uit oranje pelsstof 2 lyfdele (volledige buitelyne, 1 omgekeerd); 2 onderlywe (onderste deel van liggaam, 1 omgekeerd); 1 kop-insetsel; 1 ken-insetsel; 4 voetkussings; 4 ore; 1 strook van 13 x 4 cm en 1 sirkel met deursnee van 6,5 cm vir stert (knip pool).

Knip uit bruin vilt 2 monddele, 2 ooglede, 2 neusgate.

Knip uit rooi vilt 1 tong.

KAREL: Knip uit oranje pelsstof 2 lyfdele (volledige buitelyne, 1 omgekeerd); 2 onderlywe (onderste deel van lyf, 1 omgekeerd); 1 kop-insetsel; 1 voor-insetsel; 4 ore; 4 voetkussings; 1 strook van 2 x 5,5 cm en 1 sirkel met deursnee van 3,5 cm vir stertkwas (knip pool).

Knip uit bruin vilt 2 oogdele vir agter oë (volledige buitelyne); 2 pupille.

Knip uit wit vilt 2 dele vir oë (binnekante).

KATRIEN: Plaas pelskante van onderlyf-dele ooreenstemmend opmekaar en stik van G tot X en X tot C toe, maar los X tot X oop vir stopsel. Stik ken-insetsel aan onderlyfdele vas, D aan G aan D. Stik reguit rand van tong in middel tussen monddele vas en heg F aan F vas.

Met regte kante opmekaar, stik een monddeel aan ken-insetsel, E aan E vas en stik

Dis nie net die ma wat haar kleinding liefhet nie, hierdie sagte speelgoed kruip sommer diep in 'n mens se hart. Petra Panda en Piet word gebrei en Katrien Kameel met Karel, en Koekie Kangaroo met Kosie word van pelsstof gemaak deur HENRIETTE LOUW



SONDER BABA

ander monddeel aan kop-insetsel vas, A aan A.

Met pelskante opmekaar, stik een onderlyfdeel aan een lyfdeel vas vanaf C rondom bene tot by D en los bene onder oop. Stik dan insetsel/mond/insetselstrook aan dieselfde lyfdeel van D tot E na F na A tot B vas. Herhaal aan ander kant. Stik lyfdele van B tot C toe op rug. Stik dan voetkussinkies vas. Dop om na regte kant, stop op en werk opening toe. Hou been reghoekig met onderlyf en werk binneboleen aan onderlyf vas. Herhaal met ander bene.

Met pelskante opmekaar, stik oordele aanmekaar, maar los reguit rand oop. Dop om na regte kant, vou ore aan onderkant dwars en werk oorhands toe. Werk ore aan kop vas. Rol stertstrook, met pels aan buitekant, styf toe. Vangsteek opgerolde rande vas. Werk klein voorstekies rondom rand van stertkwassirkel en druk 'n klein bietjie kapok in middel in. Trek garing effens in, druk onderpunt van stert in stertklos in, trek garing styf en werk klos stewig aan stert vas. Werk ander punt van stert aan lyf vas.

KAREL: Plaas pelskante van onderlyfdele ooreenstemmend opmekaar en stik van E tot X tot C toe, maar los X tot X oop vir stopsel.

Stik voorste insetsel aan onderlyfdele vas van D tot E tot D. Stik kop-insetsel aan voorste insetsel van A tot A vas.

Met pelskante opmekaar, stik een onderlyfdeel van een lyfdeel vas vanaf C rondom bene tot by D, maar los bene onder oop en stik insetsel aan dieselfde lyfdeel van D tot A tot B vas. Herhaal met ander kant. Stik rugnaat van B tot C toe. Werk voetkussings aan. Dop om na regte kant, stop styf op en werk opening toe. Werk bene aan soos uiteengesit vir Katrien.

Maak ore en stert soos uiteengesit vir Katrien. Gebruik swart wol en borduur bek met 'n enkele reguit steek van wang tot wang en vangsteek afwaarts in middel om glimlag te vorm. Borduur vir elke neusgat 'n enkele kettingsteek. Vangsteek pupil aan

oogstuk en oog dan aan rugstuk vas. Werk vas. Verwyder pool by al die nate. Borsel.

PETRA PANDA EN PIET

BENODIGDEHEDE: Vir Petra: 1 bol (50 g) Patons Beehive Shetland-bonkige breidraad in wit (W) en 1 bol swart (S); 'n paar 4-mm-breipenne.

Vir Piet: 1 bol elk (50 g) Patons Beehive 4-draad in wit (W) en swart (S); 'n paar 3-mm-breipenne.

Vir albei pandas: 2 oë wat stewig vasheg (of veiligheidsoë); klein stukkie swart vilt; lint vir die nek; stopsel.

GROOTTE: Hoogte vanaf punt van ore: Petra, 27 cm; Piet, 16 cm.

SPANNING: 8 ste per 5 cm met 4-mm-breipenne en bonkige breidraad en 14 ste per 5 cm met 3-mm-breipenne en 4-draad.

AFKORTINGS: r - regs; aw - aweregs; st(e) - steek (steke); alt - alternatiewe; beg - begin; herh - herhaal; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; vlg - volgende; ks - koussteek (1 ry regs, 1 ry aweregs); tes - tesame; oks - omgekeerde koussteek.

PETRA PANDA

LYF: Stel 16 ste met S op. Beg met 'n aw-ry, brei oks (aw-kant is regte kant) en vermeer 1 st aan albei kante van 2e ry en elke vlg ry totdat daar 22 ste is.

Vermeer 1 st aan albei kante van vlg alt rye totdat daar 28 ste is. Brei 20 rye reguit. Vermin 1 st aan elke kant van vlg ry en vlg 2 alt rye en dan elke ry totdat daar 12 ste is. Brei 2 rye reguit. Heg af. Brei nog 'n deel op dieselfde manier, maar gebruik W.

AGTERKOP: Stel 12 ste op met W. Beg met 'n aw-ry, brei oks en vermeer 1 st aan elke kant van 3e ry en elke vlg ry totdat daar 24 ste is. Brei 10 rye reg-

NA BLADSY 128



GEEN MAMMA SONDER BABA

VAN BLADSY 127

uit. Vermin 1 st aan albei kante van vlg en daaropvlg 2 alt rye. Vermin 1 st aan albei kante van elke ry totdat daar 12 ste is. Heg af.

VOORKOPINSETSEL: Stel 14 ste op met W en brei 1 ry aw. Brei oks en vermeer 1 st aan albei kante van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan albei kante van elke vlg alt ry totdat 4 ste oorbly. Brei 1 ry. Heq af.

KANT VAN KOP: Beg by nekrand en stel 6 ste met W op. Beg met 'n aw-ry, brei 2 rye oks. Vermeer dan 1 st aan albei kante van vlg 4 rye. Hou voorrand reguit en vermeer 1 st aan einde van vlg ry en beg van daaropvlg ry (16 ste). Brei 2 rye reguit en eindig aan voorrand.

Heg 4 ste af aan beg van vlg ry. Vermin 1 st aan beg van elke daaropvlg alt ry tot 9 ste oorbly. Vermin 1 st aan albei kante van elke daaropvlg alt ry totdat daar 3 ste is en dan aan syrand van vlg alt ry, r 2 tes. Heg af. Brei nog so 'n deel met vormings omgekeerd.

ARMS (2): Stel 16 ste op met B en brei 18 rye oks. Heg af.

BENE (2): Stel 18 ste op met B en brei 20 rye oks. Heg af.

VOORPOTE (2): Stel 4 ste op met W en aw 1 ry. Brei oks en vermeer 1 st aan albei kante van vlg 2 rye. Brei 3 rye reguit. Vermin 1 st aan albei kante van vlg 2 rye. Brei 1 ry. Heq af.





AGTERPOTE (2): Stel 5 ste op met W en brei 1 ry aw. Brei oks en vermeer 1 st aan albei kante van vlg 2 rye. Brei 4 rye reguit. Vermin 1 st aan albei kante van vlg 2 rye. Heq af.

ORE: (4): Stel 6 ste op met S. Beg met 'n aw-ry en brei 2 rye oks. Vermeer 1 st aan albei kante van vlg 2 rye. Brei 4 rye reguit. Vermin 1 st aan albei kante van vlg 2 rye. Heq af.

AFWERKING: Moenie pars nie. Plaas regte kante van lyfdele opmekaar en werk toe, maar los nek (afgehegte rand) oop. Dop om na regte kant en stop op met stopsel. Werk sykopdele aanmekaar vanaf nek tot by afgehegte ste by neus. Werk kop-insetsel in. Werk agter- en voorkopdele aanmekaar, maar los nek oop. Dop om na regte

NA BLADSY 143

NA BLADSY 143



TROU- KAARTJES

Ons album bevat die mooiste en eksklusiefste kaartjies in die land en vir elke smaak word voorsiening gemaak. Die alles-omvattende album is tot u beskikking vir 14 dae. Stuur asb. R2.00 posorder om posgeld te dek aan:

Afd. R
Unique Drukkers
Posbus 1090 Tel. 27231
Kroonstad 9500 TR/K


DIE "WAISTSHRINKER"

U liggaam kry vorm en atletiese fermheid met die rewolusionêre "WAISTSHRINKER" Vibrofit-masseergordel.



Gebruik dit vir daardie plekke waar u liggaam se perfekte vorm 'n bietjie verwaarloos is: MIDDEL, SITVLAK, DYE, ARMS, HEUPE, BENE EN NEK. Voel hoe die Waist-shrinker se 162 'vingertjies' u weer regknie en gespanne spiere laat verslap. 'n Pap maag, slap maagspiere, pap dye en sitvlak word weer ferm en stewig. Die "Waistshrinker" stimuleer die bloedsomloop in die bind- en spierweefsel, verbeter sel-afsmeling en metabolisme, en herstel so u ferm voorwoms. 'n Perfekte postuur deur net 'n knoppie te druk. Dit is van nut vir beide mans en vrouens.

Bestel vandag vir u ook een. Die "Waistshrinker"-masseergordel saam met die boek "ELECTRO MASSAGE" deur P. Biedermann, M.D., behoort aan u vir **R39,80** (koopbelasting en posgeld ingesluit). Bestel vandag volgens ons 14-dae terugstuur-en-terugbetaal-waarborg. Pos hierdie advertensie, u naam en adres met poswissel/kontant/tjek vir 'n bedrag van **R39,80** (of R5 deposito vir KBA-aflewering) ingesluit, aan: **EURO-MAIL, Dept. Gesondheid, Posbus 9731, JOHANNESBURG 2000.** (Centre Point-gebou, Marlboro, Sandton).



GEEN MAMMA SONDER BABA

VAN BLADSY 128

kant. Stop op en werk aan lyf vas met bene in 'n sitposisie.

Werk ore in pare aanmekeer en werk aan kop vas. Knip 2 ovaal stukkes uit swart vilt. Werk oë in middel van vilt vas en werk dan aan gesig vas. Borduur neus en mond met swart borduurwol soos op foto. Knoop lint om nek in 'n strik.

PIET PANDA

Volg aanwysings vir Petra Panda, maar gebruik 3-mm-breipenne en 4-draadbreging.

KOEKIE KANGAROE EN KOSIE

BENODIGDHEDE: 51 cm grys kortpoolsstof, 142 cm breed; klein stukkie wit kortpoolsstof, 36 x 38 cm; 'n stukkie wit voeringstof 28 x 15 cm; 'n paar oë met wimpers (20 mm) vir Koekie; 'n paar 14-mm-wimper-oë vir Kosie; 14 cm smal rek vir Koekie se buidel; swart borduurwol; kapok; 'n stukkie swart vilt.

GROOTTE: Koekie se hoogte, 42 cm; Kosie se hoogte, 18 cm.

AANWYSINGS: Maak papierpatrone volgens diagramme (3 mm vir nate toegelaat). Plaas patrone op materiaal (pyltjies dui

rigting van pool aan) en knip uit soos volg:

KOEKIE: Knip uit grys pelsstof 2 lyfdele (1 omgekeerd); 1 agterinsetsel; 2 stertdele (1 omgekeerd); 2 buitebene (volledige buitelyne van been, 1 omgekeerd); 2 binnebene (gemerkte area E tot D weggelaat, 1 omgekeerd); 4 arms (2 omgekeerd); 1 ken-insetsel; 1 kop-insetsel; 2 ore. Knip uit wit pelsstof 1 buidel, 1 voor-insetsel, 2 ore. Knip uit voeringmateriaal 1 buidel en uit swart vilt 1 neus.

KOSIE: Knip uit grys pelsstof 2 lyfdele (1 omgekeerd); 1 kop-insetsel vir agterkop; 2 onderlyfdele (1 omgekeerd); 1 ken-insetsel; 2 sterte (1 omgekeerd); 4 arms (2

omgekeerd); 2 ore. Knip 2 ore uit wit.

KOEKIE: Pas buidel- en voeringdele opmekeer en stik bo- en onderrande met regte kante opmekeer. Dop om na regte kant en stik bo oor buidel al langs stippellyn en maak 'n huls vir rek. Steek rek deur én werk albei punte stewig vas. Plaas voltooid buidel op regte kant van insettel voor. Stik oor synate en onderkant, G tot G.

Stik ken-insettel van F tot F aan voorste insettel vas. Stik kop-insettel aan ken-insettel van A tot A vas. Stik dan kop-insettel aan agterste insettel van B tot B vas en agterste insettel aan voorste insettel van C tot C wat sodoende 'n deurlopende lus vorm.

Plaas pelskante opmekeer en stik buitebene aan lyf, E tot D vas en binnebene aan buitebene vanaf E rondom poot tot by D. Herhaal met ander lyf/been. Met pelskante opmekeer, stik een rand van insettelstrook aan een lyfdeel A tot B tot C tot D tot E tot F tot A vas. Herhaal met ander kant, maar los X tot X oop vir stopsel.


Heg oë aan regte kant vas. Stop styf op, maar wees ekstra versigtig met bene. Werk opening toe. Werk arms toe, maar los X tot X oop. Dop om na regte kant en stop op. Werk openings toe. Werk arms met leersteek aan lyf vas, plaas arms op stippellyn en werk aan albei kante vas. Werk stertdele aanmekeer, maar los reguit kante X tot X oop. Dop om na regte kant en stop op. Werk oop kant met leersteek aan lyf vas en plaas dit in middel van agterste insettel met basis van stert ongeveer 3 cm bokant C tot C soomlyn.

Werk een wit oor aan een grys oor vas met pelskante opmekeer en los onderkante oop. Dop om na regte kant. Vou by basis dubbel, wit pels aan binnekant en werk oorhands deur al vier diktes vas. Werk met leersteek aan kop op stippellyn met wit pels na vore vas.

Borduur vir mond met swart wol 'n enkele reguit steek vanaf wang tot wang en vangsteek afwaarts in middel om n glimlag te vorm. Werk voorsteek rondom rand van neus en moenie afheg nie. Druk kapok in, trek garing styf en heg stewig af. Werk neus by A tot A op gesig vas. Trek pool uit nate en borsel.

KOSIE: Plaas pelskante opmekeer en werk onderlywe van E tot X en X tot D aanmekeer, maar los X tot X oop. Stik ken-insettel aan onderlywe vas, A tot E tot A. Stik kop/agter-insettel aan ken-insettel, B tot B vas. Stik kop/agter-insettel aan onderlywe vas, C tot D tot C.

Stik een rand van onderlyf/insettelstrook aan een lyfdeel vas, A tot B tot C rondom bene tot by A. Herhaal met ander kant. Heg oë vas, stop op en werk opening toe. Voltooi soos Koekie.



Bond-breier. R179,00 (sonder AVB)

so maklik, so goedkoop die gesin brei.

Die mees ongekompliseerde breier ooit.

Die eenvoudige, sterkgeboude Bond is nie net maklik om mee te werk nie, maar ook maklik om op te stel en weer later weg te sit. Dis lig en kompak en kan omtrent orals weggepak word. Die uitmuntende, moderne ontwerp het in die Verenigde Koninkryk die "Observer" se "Innovation Award" gewen as die beste nuwe produk van die jaar.

Meer as 50 voorraadhouers landwyd.

Kry die naam en adres van jou naaste voorraadhouer van die Outomatiese Bond-breier. Vul net die koepoon in of bel (011) 788-5256. (Handelsnavrae aan dieselfde adres asseblief.)

Aan: Outomatiese Bond-breier, Posbus 52359, Saxonwold 2132.

Stuur my asseblief die adres van die naaste voorraadhouer van die merkwaardige nuwe Outomatiese Bond-breier.

Naam _____

Adres _____

Poskode _____

Telefoon _____

R/R 18/5/83